*Scriptura* 13 (1984) pp 21- 44 

# DIE AKTUALITEIT VAN BYBELKUNDE IN 'N VEELVOLKIGE GEMEENSKAP

*A C Goliath*
*Departement Bybelkunde*
*Universiteit van Wes-Kaapland*
*7530 BELLVILLE*

*Abstract - The relevance of Biblical Studies in a plural society*

After defining the basic concepts involved, the reasons for the decline of Biblical Studies at schools are discussed. This is followed by a critical evaluation of various attempts to make the Bible relevant in the contemporary situation. The article concludes with specific guidelines and recommendations for realizing the full potential of Biblical Studies in the school situation, stressing aspects like the plural context, the dynamics of faith, responsible use of the Bible, a self-critical attitude, intergroup co-operation and curriculum reform.

* * *

## 1 *TER INLEIDING*

Die aktualiteit van Bybelkunde staan in nou verband met twee sake. Eerstens: *die plek wat tans aan die Bybel toegeken word.* Vrae wat hier aan die orde kom, is: Speel die Bybel as "ou boek" nog 'n betekenisvolle rol in die moderne mens se worsteling met hedendaagse problematiek? Indien wel: Hoe moet die Bybel verstaan word? Hoe moet dit in huidige situasies aan die woord kom? Tweedens: *die funksionaliteit van die vak Bybelkunde.* Kan Bybelkunde 'n noemenswaardige bydrae lewer in die spesifieke samelewing waar dit in skole, kolleges en universiteite aange=bied word? Die wyse waarop die doelstellings van die vak vertolk word, sal bepaal of dié vraag positief of negatief beantwoord moet word.

Dat daar verskillende beskouings in verband met die aktualiteit van die Bybel bestaan, sal deur die geskiedenis van die herme=

neutiek bevestig word. Die Ortodoksie van die sewentiende eeu, die sogenaamde eksistensieteoloë sowel as die maatskappykritiese teoloë benader die aktualiteit van die Bybel vanuit verskillende vertrekpunte. Aan die hand van 'n kritiese evaluering van die benaderings van dié drie hermeneutiese modelle word enkele rig=lyne vir die aktualiteit van die Bybel neergelê. Met behulp van dié kriteria word die redes vir die sogenaamde krisis in Bybelkunde as vak beoordeel en word sekere aanbevelings oor die aktualiteit van die vak aan die hand gedoen.

Allereers moet die aandag op die problematiek in die uitgangs=punt van die onderwerp, naamlik dié van *volkereverskeidenheid,* gevestig word. Na my oordeel impliseer dit alreeds en byvoorbaat 'n bepaalde voorveronderstelling omtrent die Suid-Afrikaanse samelewing: dat dit uit verskillende volkere bestaan. Die gemeenskap wat hoofsaaklik deur die universiteit waarvan u referent deel is, bedien word, word tog allerweë nie as aparte volk beskou nie. Myns insiens sou dit meer sinvol wees om, ter wille van die onderwerp, aandag te skenk aan die pluralistiese karakter van die moderne samelewing wat 'n godsdienstige en lewensbeskoulike pluralisme insluit. Daarbenewens is die Suid-Afrikaanse samelewing op grond van politieke beleid in bepaalde groepe geklassifiseer. Die referaat wil aanvoer dat só 'n geklassifiseerde samelewing met sy inherente ekonomiese- en klasseverskeidenheid, die aktualiteit van 'n algemene Bybelkunde-onderrig veel meer in die gedrang bring.

## 2 *DIE HUIDIGE KRISIS IN BYBELKUNDE*

### 2.1 *Agteruitgang van die vak*

Geoordeel aan die bekommernis in verskeie artikels[1)] die afge=lope tyd, kan die afleiding gemaak word dat Bybelkunde as vak (saam met Godsdiensonderrig) op skole in 'n krisis verkeer. J Kinghorn (1982 : 29) sê dat 'n situasie bereik is "waar al hoe meer alarmistiese krete gehoor word oor die 'stand van Bybel=kunde' ... en die min of meer, non-effektiwiteit van Godsdiens=onderrig op kolleges en skole." Hy wys op allerlei dieptevrae wat aan die orde is oor die sin en die funksionaliteit van die vak. Andere, wat hierdie onrus deel, toon die merkbare agteruit=gang van die vak aan. Die "kwynende getal matrikulante", min skole wat die vak aanbied en die vermindering van die getal Bybelkundestudente aan universiteit as gevolg van die "nie-beskikbaarheid van beurse" is 'n aanduiding dat "Bybelkunde as skoolvak tans in 'n dilemma verkeer" (Swanepoel 1982 : 38). Volgens H J S Stone (1981 :51) is 'n herbesinning oor Bybelkunde

en Godsdiensonderrig op skool noodsaaklik omdat daar nå die "aanvanklike entoesiastiese wegspring" wat met die invoering van Bybelkunde as skoolvak saamgeval het, "'n insinking" inge=tree het. Die "groei wat sedertdien wel plaasvind, voldoen nie aan die vroeëre verwagtings nie". Oor die algemeen kan met Lategan (1982:50) saamgestem word, dat "daar een oorheersende faktor (is), nl. die negatiewe beeld wat die vak by die deur=snee-leerkrag en -leerling het."

Van belang vir hierdie referaat is die verskillende probleem=areas wat tot dusver geïdentifiseer is, sowel as die verskeiden=heid redes wat vir die tanende belangstelling in die vak aange=voer word.

## 2.2 *Redes vir agteruitgang*

### 2.2.1 Duplikasie

Uit samesprekings tussen die drie universiteite in die Wes-Kaap het dit geblyk dat duplikasie van leerstofinhoud een van die belangrikste oorsake vir die afname in belangstelling is. Dit stel aan die leerlinge geen nuwe uitdaginge nie en open geen nuwe perspektiewe of kennishorisonne nie, want hulle "ervaar ... Bybelkunde as 'n blote herhaling van wat hulle reeds tuis of in kerklike verband (Sondagskool, kategese) geleer het" (Lategan 1982:50). H J S Stone (1981:52) verwys ook na die probleem van duplikasie.

### 2.2.2 Gebrek aan betekenis m b t die werklikheid

'n Tweede belangrike faktor wat in die samesprekings (sien 2.2.1 hierbo) duidelik onderstreep is, is die feit dat die vak op 'n wyse aangebied word wat dikwels nie daarin slaag "om 'n direkte verband tussen Bybelse gegewens en die leerling se eie lewen=situasie te lê nie. Die Bybel word gesien as 'n bron van in=teressante historiese, argeologiese en morele algemeenhede sonder dat die relevansie daarvan vir die bestaansituasie van die leerlinge op individuele en gemeenskapsvlak duidelik blyk. Dikwels bied die huidige benadering antwoorde op vrae wat nooit gevra word nie" (Lategan 1982:50-1).

### 2.2.3 Leerplanne

Benewens uitvoerige kritiek op die huidige leerplanne verwys F A Swanepoel (1982:43) in voetnota 10 na leerstofinhoud waarin daar stellings voorkom wat "gevaarlik nå aan 'n meganiese inspi=rasieleer kom" of wat "die weg kon open vir 'n allegoriese

interpretasie [2] van die Bybel." Hy vestig die aandag verder daarop dat die Ou Testament Christologies geïnterpreteer word en haal ook voorbeelde aan van die tipologiese verklaringsmetode wat gevolg word. [3] Dit is opvallend hoe die hele Bybelkunde= sillabus Christologies en soteriologies vernou word.

2.2.4 Bruikbare vakke bó Bybelkunde verkies

H J S Stone (1981:52) sê: "Dit is ongetwyfeld waar dat 'n materialistiese benadering veel te make het met die feit dat leerlinge die sg bruikbare vakke bo ... Bybelkunde verkies." In die "tegnologiese eeu word tegniese en natuurwetenskaplike vakke" hoog aangeslaan.

2.2.5 Gesindheid van die owerhede

F A Swanepoel (1982:38) wat die gesindheid van die owerhede as een van die probleemvelde geïdentifiseer het, wys op die ver= klaarde Onderwysbeleid wat gebaseer is op die beginsel dat die onderwys 'n Christelike karakter moet hê. Hy tref 'n verge= lyking tussen Bybelonderrig en Liggaamlike Opvoeding. Albei is verpligte nie-eksamenvakke. Tog word daar vir laasgenoemde aan alle skole poste geskep en met spesialiste gevul terwyl dit vir Bybelonderrig nie gedoen word nie. Hy maak die stelling dat dit dikwels "die Bybelonderriglesure is wat geplunder word as daar bykomende tyd vir ander 'belangriker' sake gesoek word ... ekstra wiskunde, musiek, die opstel van sportspanne". Daar kan dus met reg gevra word of die owerhede en hoofde nie onbedoeld en onbewustelik met sulke optrede steun verleen aan die tendens in die tegnologiese eeu om die Bybel en sy boodskap nie só be= langrik te beskou nie met die gevolg dat Bybelonderrig maar tevrede moet wees met 'n minder belangrike plek op die skool= rooster.

2.2.6 Doelstelling te vaag

As verdere rede vir die dilemma waarin Bybelkunde verkeer noem F A Swanepoel (1982:40) die vaagheid van die algemene doelstel= ling. Gevolglik vind ons "dan ook in die leerplanne geen opera= sionalisering van die doelstelling in terme van doelwitte waarin die eindgedrag wat nagestreef word, nader omskryf word, aan die hand waarvan nie alleen die inhoudkeuse en -ordening, leer= ervaringe, middele en leergeleenthede beplan word nie, maar wat ook dien as grondslag vir die evalueringswyses en -norme."

2.2.7 Skeptisisme by ouers

H J S Stone (1981:56) vestig die aandag op die twyfel wat by ouers asook by predikante en hoofde van skole bestaan oor 'n "kerklike ongekontroleerde vertolking van Christelike leerstukke in die skool". Daar bestaan kommer dat onaanvaarbare teologiese standpunte deur Bybelkunde-onderwysers aan leerlinge oorgedra kan word. Hierdie "skeptisisme of risiko-gevoel" is ook mede=verantwoordelik vir die stadige vordering van die vak.

Waarskynlik is met hierdie redes die belangrikste oorsake, wat hoofsaaklik verantwoordelik is dat die aktualiteit van Bybelkunde bevraagteken word, aangedui. Die vraag is nou: Hoe kan die vak aktueel aangebied word? Vir 'n antwoord op hierdie vraag moet 'n tweede vraag aan die orde kom: Wat word met die aktualiteit van die Bybel bedoel? Dit is duidelik dat daar oor dié onder=werp verskillende sienswyses bestaan.

3 *VERSKILLENDE BENADERINGS i v m DIE AKTUALITEIT VAN DIE BYBEL*4)

3.1 *Aktualiteit geleë in die Bybel self*

Die Ortodoksie het die *Goddelike oorsaaklikheid* van die Bybel eensydig beklemtoon. Met 'n bepaalde inspirasieleer en hulle eie kanonbegrip is die *onfeilbaarheid van die Skrif* verskans. Daaruit volg dat die Bybel die bron is met normatiewe voorskrifte vir geloof en praktyk. Die gesag van die Bybel word hier aan 'n *Goddelike Boek met objektiewe waarheid* gekoppel - 'n objektiewe gesag vir leer en lewe wat nie bevraagteken mag word nie (Kelsey 1975 : 17). So word aan die Bybel 'n *voorskriftelike funksie* gegee.

Sonder om die historiese konteks van verskillende Skrifgedeeltes of die onderlinge verband waarin dit voorkom noukeurig in aan=merking te neem, word tekste wat skynbaar na 'n bepaalde saak verwys, gesistematiseer en as bewysplase vir die oplossing van hedendaagse problematiek aangehaal. Die Bybel word hier hanteer as *Boek van Dogmatiek en Etiek* wat die normatiewe inhoud van Christelike moraliteit vir alle eeue bevat (Birch & Rasmussen 1976: 22). Bybelse etiek en Christelike etiek word eenvoudig gelykgestel. Skrifwaarhede het hier *tydlose waarhede* geword wat sonder verklaring in enige huidige situasie toegepas kan word.

Natuurlik maak so 'n benadering nie erns met die historiese be=paaldheid van die Skrif sowel as met die veranderende situasies waarin die moderne mens hom bevind nie. Die aktualisering van die Skrif in die veranderende probleemareas in die geskiedenis

bly maar altyd onveranderd dieselfde.[5)]

3.2 *Aktualiteit geleë in die menslike eksistensie*

Teoloë onder die invloedsfeer van die eksistensiefilosofie het probeer aantoon dat die aktualiteit van die Bybelboodskap in die *eksistensiale aanspraak van die Bybelse teks* geleë is. Die mens het, volgens hulle, bepaalde opvattings oor sy menswees, en die wyse waarop hy homself in sy eksistensie verstaan, sy *Selbst=verständnis*, is die sentrale fokuspunt in die aktualisering van die Bybelse boodskap. Hierin lê die verbinding tussen die Bybelse teks en die mens.

Twee sake is vir dié teoloë belangrik. Eerstens: 'n analise en definisie van die Selbstverständnis. Tweedens: gegewe hierdie Selbstverständnis as realiteit, wat kan die Bybel as ander reali=teit daarin sê? Om aktueel te wees, moet die Bybel só *ge(her)=interpreteer word dat dit aansluiting vind by die mens se eie bestaansbegrip*.

Vir Bultmann geskied dit langs die weg van sy bekende ontmito=logiseringsprogram. Hierdeur wil hy bewys dat die eintlike Bybelboodskap nie aan die uitgediende vorme waarin die geloof oorspronklik gegiet was, gebonde is nie, maar dat dit konsekwent in eksistensiale kategorieë deurgegee kan word.

Tillich dring daarop aan dat selfs begrippe soos God, Christus en openbaring, by wyse van fundamentele herinterpretasie vir die intellektuele moderne mens in nuwe simbole voorgestel moet word. Bonhoeffer, insgelyks, wil dat Bybelse konsepte op 'n nie-reli=gieuse wyse herinterpreteer word sodat die outonome mens ant=woorde op die lewe self kan vind.

Die aktualiteitsvraag hier is: *Watter relevansie het die Bybel vir die moderne, intellektuele en outonome mens wat homself op dié of dáárdie manier begryp?* Die aktualiteit van die Bybel word verplaas van 'n *besondere skrifbeskouing*, soos by die Orto=doksie, na 'n *besondere mensbeskouing*.

Ook hier is 'n konsekwente onthistorisering en selektiewe Skrif=gebruik aan die orde. Die historiese bepaaldheid van die heils=dade van God is nie so belangrik by die herinterpretasie van die eintlike boodskap nie.[6)] Verder: daardie Skrifgedeeltes op die periferie, wat nie absoluut noodsaaklik vir die menslike eksistensie is nie, kan goedskiks weggelaat word.

### 3.3 *Aktualiteit geleë in samelewingstrukture*

Maatskappy-kritiese geoloë beklemtoon dat die Christen sy bevry=dende roeping moet vervul deur betrokke te raak by onregverdige samelewingstrukture met die oog op die daarstelling van 'n reg=verdige bestel (Núnez 1977:354). Uitgangspunt hier is die *same=lewingstrukture*,[7] *en wat dáár plaasvind, bepaal óf en in hoe=verre die Bybel relevant kan wees.* Die Bybelboodskap is aktueel wanneer aangedui kan word dat dit duidelik standpunt inneem teen onregverdige sisteme, en dit gebruik kan word by revolusionêre prosesse wat onregverdighede omverwerp. Die Skrif moet in 'n nuwe en radikale diens aan die mens beskikbaar wees.

Ernstige besware word dan ook geopper teen die teks van die Bybel sowel as die bepaalde interpretasie daarvan deur eksegete uit die heersende klasse. Zuurmond (1978:110) voer aan dat die huidige wêreld gekonfronteer word met 'n Bybelwetenskap wat die teks van die Bybel so begrawe het onder maatskaplike vooroordele "dat die boek onder ons het document kan worden waarmee de gevestigde machten hun bestaan legitimeren en sanctioneren".[8] Vir F Herzog (1974:389-90) is dit 'n Bybelboodskap wat verkondig word met die uitdruklike doel om die status quo te handhaaf.[9]

Vir teoloë uit hierdie kringe moet die Bybelverkondiging die hoorder en leser in *sy onderdrukte situasie bewus maak* dat die omstandighede in sy konteks waarin hy elke dag moet lewe met die Bybel in stryd is.

Die wesenlike gevaar van selektiewe Skrifgebruik is ook hier ter sprake. Populêre temas en Skrifgedeeltes waarin die handelwyse van rykes verdoem word, sowel as daardie gedeeltes waarin die saak van die armes deur God opgeneem word, is hier natuurlik van groot belang. Daarbenewens bestaan 'n tweede gevaar dat hierdie teoloë ten nouste by die *sosiale en politieke* strewes van die onderdruktes betrokke kan raak.[10] Die moontlikheid bestaan dat hulle met die ideologiese oogmerke van die onderdrukte massas sal identifiseer op dieselfde wyse as wat die rykes en onder=drukkers met ideologiese oorheersing identifiseer.

### 3.4 *Kritiese opmerkings*

Dit wil voorkom asof al drie modelle met dieselfde hermeneutiese beginsels opereer wat uitloop op dieselfde *aktualiteit-in-ana=logie*. Die Bybel word *vanuit 'n bepaalde gerigtheid* geïnterpre=teer. Die Ortodoksie vind in die Bybel genoeg tekste en uit=sprake wat analoog is aan hulle spesifieke dogmatiese vooroor=dele. Dié dogmatiese analogie word beskerm deur 'n spesifieke

inspirasieleer waarmee die aktualiteit van die Bybel gewaarborg word. Die eksistensieteoloë gebruik slegs analoë Skrifgedeeltes wat die hedendaagse mens in sy eksistensie aanspreek. Om 'n appèl op die huidige eksistensiebegrip van die moderne mens te maak, moet sekere gedeeltes geselekteer word en op 'n wyse her= interpreteer word om sy Selbstverständnis te bevra. Die maat= skappy-kritiese teoloë vind genoeg Skriftemas en -tekste wat analoog is aan die situasies wat deur onregverdige strukture geskep word.

Hoe meer Skrifbewyse aangewend kan word om vooringenoeme stand= punte te bevestig, hoe meer kan met groter stelligheid "bewys word" dat dié standpunte geldig en juis is. Die metode om net sekere geselekteerde Skrifgedeeltes en tekste te gebruik om 'n bepaalde vooringenomendheid te bevestig, is 'n *fundamentalistiese gebruik* van die Skrif.

'n Fundamentalistiese hantering van die Skrif kan nie sterk genoeg afgekeur word nie. Die outoriteit van die Bybel is hier gekoppel aan Goddelike oorsaaklikheid. Dit is gewaarborg en derhalwe nie nodig dat Skrifwaarhede in elke situasie krities deurdink moet word nie. Dit is dan ook nie vreemd dat hier dikwels 'n openlike afsydigheid teen kritiese studie gevind word nie. Gevolglik ontstaan 'n bepaalde eksklusiwiteit wat enige sinvolle interaksie met ander oor die betekenis van die Skrif in die moderne problematiek, by voorbaat onmoontlik maak (Loader 1979 : 14).

Die *óór-aktualiteit van die fundamentalisme* is duidelik, want volgens hierdie manier van omgang met die Skrif kan dit vir enige situasie "aktueel" gemaak word. *Óór-aktualiteit is non-aktualiteit*, want so 'n *tydlose normatiwiteit* het min of meer geen relevansie vir die spesifieke probleme waarmee verskillende mense vandag worstel nie. Hierdie soort Bybelhantering maak mense dan ook volledig onaktief. Formele Skrifaanvaarding be= teken nog geen egte Skrifgehoorsaamheid nie (Heyns 1973 : 176).

So 'n gerigtheid maak ook nie erns met die *historiese aspek* van die ontstaan van die Bybel en die konteks en onderlinge verbande waarin die boodskap van die Skrif gegee is nie. Die Bybelse boodskap is historiese bepaald en om die boodskap aktueel te bring in 'n nuwe historiese situasie, sal beteken dat die bood= skap eers deeglik in sy oorspronklike historiese situasie bestudeer moet word.

Met so 'n fundamentalistiese Skrifhantering word die deur vir *ideologiese teologie* wyd oopgemaak. Op simplistiese wyse word

spesifieke strewes en prioriteite van die teoloog van Bybelse fondamente voorsien. Deur dieselfde oop deur stap die bekende piëtistiese *"saligheidsteologie"* wat alleen te make het met mŷ saligheid, mŷ verlossing wat êk eendag sal ontvang, sonder dat dit enige konsekwensies het vir die gemeenskap waarin en die medemense met wie ek nou leef nie.

Daar is, egter, by hierdie teoloë 'n hele aantal *pluspunte* wat die tradisionele teologie nie verder mag verontagsaam nie. Die betekenisvolle bydrae van die eksistensieteoloë lê in hulle basiese strewe om langs die weg van herinterpretasie die Bybel= boodskap vir die moderne mens aan die verstand te bring. Die verstaan van die Bybelboodskap vra na 'n *persoonlike beslissing en betrokkenheid*, derhalwe moet die ernstige pogings om die kerugma van die Bybel op 'n effektiewe wyse vir die hedendaagse mens te verwoord, waardeer word. Hulle metodologie moet, niete= min, ernstig bevraagteken word. Die wyse waarop die maatskappy= kritiese teoloë armoede en onderdrukking onder die aandag bring, verdien positiewe kommentaar. *Geloof móét op alle terreine van die samelewing betrokke wees.* Veral hulle kritiek op onregver= dige strukture wat mense onderhorig en afhanklik hou en van mens= waardigheid beroof, sowel as hulle pogings om die bevryding van die totale mens te verkondig, kan nie deur die tradisionele teologie buite rekening gelaat word nie indien dit op enige relevansie aanspraak wil maak.

## 4 *RIGLYNE VIR DIE AKTUALITEIT VAN DIE BYBEL*

### 4.1 *Die Bybel moet sy plek as "Boek vir vandag" behou*

#### 4.1.1 Konkretisering in huidige konteks

Die boodskap van die Bybel móét *in die konkrete situasies van die hedendaagse mens tuisgebring word.* Dit moet rekening hou met voortdurende veranderinge in elke historiese tydvak. Dit beteken nie dat 'n totaal nuwe boodskap verkondig moet word nie. Aktualiteit is nie noodwendig innovasie nie. Dit het meer dikwels te make met die ou, vergete boodskap wat gerieflikheids= halwe doodgeswyg word omdat dit vir huidige doen en late hinder= lik en steurend geword het. In gereformeerde kringe word die soewereiniteit in eie kring en die mondigheid van die gelowige dikwels sô vertolk dat die Bybelboodskap net moet konsentreer op die geestelike lewe van die mens sonder om die konsekwensies van die evangelie op ander lewensterreine uit te spel. Dit sou dan beteken dat die Bybel sy profetiese inspraak in vandag se same= lewing prysgee. So 'n toedrag van sake sou mense die geleentheid

bied om die Bybelse boodskap tot 'n randverskynsel sonder wesenlike invloed op die gang van sake af te maak (Jonker 1976:122-3).

4.1.2 Die Bybel moet as getuienisboek gelees word

Die Bybel bevat die *getuienisse van gewone geloofsmense* oor dit wat God geopenbaar het. In hierdie *menslikheid* van die Bybel lê die aktualiteit van die Bybel. In dié mense se geloofsworstelinge in hulle eie-tydse werklikheid vind hedendaagse mense wat in God glo die aanwysings hoe om as geloofsmense in die werklikheid van vandag te lewe. As die Bybel só gelees word met 'n oog wat oop is om agter te kom hoe ander mense eeue gelede getuig het van hulle belewenis met God en die geloofsbeslissings wat hulle moes neem, dan kan die Bybel weer waarlik kanon word - maatstaf vir gelowiges hoe om op sinvolle wyse geloofsmens en gelowige medemens te wees (Deist 1982:76).

4.2 *Die Skrif moet op 'n verantwoordelike wyse gebruik word*

4.2.1 Breek finaal met fundamentalisme

Om met fundamentalisme te breek, sal die voorveronderstellings dat die Bybel 'n bowe-historiese waarheid is en tydlose normatiwiteit bevat, laat vaar moet word. Die Bybel kan nie slegs as objektiewe realiteit hanteer word wat inspreek in die realiteit van huidige omstandighede sonder dat daardie waarheid werklik "vlees" word nie.

4.2.2 Erken die historisiteit van die Bybel

Daar sal rekening gehou moet word met die problematiese aard van die ontstaanstyd van die teks, die soort literatuur waarin die verhaal oorgelewer is, en die verband waarin die finale outeur die verhaal geplaas het. Wanneer hierdie historisiteit misken word, word daar verval in 'n ideologies-gefundeerde omgang met die Bybel.[11)]

4.2.3 Vermy selektiewe Skrifgebruik

Om slegs sekere gedeeltes as relevant te beskou en ander dele nie, is om die dualisme in J S Semler se oplossing op G E Lessing se problematiek te laat voortbestaan.[12)] Dit beteken dat slegs bepaalde gedeeltes van die Skrif aktueel is en ander nie. Die kanon-in-die-kanon-probleem leef vandag nog voort in selektiewe Skrifgebruik.

4.2.4 Hou rekening met ideologiese Skrifgebruik

Ideologie speel 'n belangrike rol by interpretasie. 'n Eksegeet se kulturele agtergrond, politieke denke, konfessionele agter= grond, sosio-ekonomiese en maatskaplike omgewing veroorsaak on= bewustelik dat hy die Skrif vanuit 'n bepaalde perspektief inter= preteer (Deist 1981,6). Daarom kan dieselfde teksgedeelte presies die teenoorgestelde ideologiese standpunte ondersteun afhangende natuurlik wie die teoloog is wat dit interpreteer.[13] *Ideologiese denke is die grootste struikelblok in die weg van suiwer deurdagte argumente en konsekwentheid.*

4.3 *Aktualiteit het te make met die volledige mens se behoeftes*

4.3.1 Dit raak die totale mens

'n Vergeestelike of piëtistiese verkondiging is net deels aktueel. 'n Verkondiging wat net met die mens se eksistensie en sy eie selfbegrip te make het, is net deels aktueel. 'n Verkondiging wat slegs konsentreer op die mens se sosiaal-politieke nood, is net deels aktueel. Wie slegs één aspek van menswees aanspreek, hoe belangrik ook al, betaal die prys van eensydigheid. *Aktueel is waar een volledige mens in sy volledige nood aangespreek word.*

4.3.2 Dit verabsoluteer nie een aspek van menswees nie

'n Verabsolutering van één aspek van menswees as dié wesensken= merk van die mens lei tot ideologievorming of idealisering. Dit lei tot 'n ideologiese vertekening van die mens. *Iets kan net aktueel wees as dit mense mense laat bly en uitsig gee op die totale menswees.*

4.3.3 Dit is altyd realisties-konkreet

*Aktualiteit kan nie in vae terme uitgespel word nie.* Sake moet 'n spesifieke verwysing hê; dit moet by die naam genoem word. Daar kan byvoorbeeld nie in vae terme oor ongeregtigheid gepraat word nie terwyl die spesifieke dade van ongeregtigheid nie gemotiveerd by die naam genoem word nie.

4.3.4 Dit bly boodskap van die Bybel self

Die aktualiteit van die Bybelse boodskap is nie iets wat na willekeur uit die lug gegryp is nie. *Die kontinuïteit met die geloof en die gelowiges van die Bybel moet duidelik aanwysbaar wees.*

### 4.3.5 Dit bevra die mens se verwysingsraamwerk

Aktueel kan slegs dit wees wat by die aangesprokene se verwysings=raamwerk aansluit. Indien die boodskap op onbegrypende ore val, het dit nie aktuele moontlikhede vir die hoorder nie en gaan dit sonder enige effek by hom verby. Maar *aktuele verkondiging lei tot 'n noodsaaklike uitbreiding* van die verwysingsraamwerk. Dit moet die mens dwing tot kritiese selfondersoek om te bepaal waarom hy aan 'n bepaalde vertolking voorkeur gee; waarom hy dink soos hy dink.

### 4.3.6 Dit rig 'n appèl tot die hoorder

Aktueel is slegs dié boodskap wat 'n appèl tot die aangesprokene rig. *Die aktualiteit van die Bybel lê in die aanspraak wat dit op die totale mens maak.*

## 5 *EVALUERING VAN DIE AGTERUITGANG VAN BYBELKUNDE*

Met dié riglyne vir die aktualiteit van die Bybel in gedagte, sal dit duidelik wees dat die meeste redes wat aangevoer is vir die toestand waarin Bybelkunde as vak hom tans bevind, verband hou met aktualiteit.

### 5.1 *Die Bybel se plek as "Boek vir vandag" in gedrang*

Die skadelike invloed van die materialistiese benadering wat dwarsoor die wêreld bekend is, mag nie in die Suid-Afrikaanse konteks onderskat word nie. Ook hier word die "bruikbare vakke" bo Bybelkunde verkies. By die "gesindheid van owerhede" is aangedui hoedat Godsdiensonderrig dikwels sy plek op die rooster verloor. Die Bybel behou nie oral sy plek as die "Boek vir vandag" nie. Vir baie mense is die Bybel 'n uitgediende boek wat tuishoort in 'n wêreld van die verre verlede (Smart 1970:151). Daar word getwyfel of die Bybel vandag in hierdie gekompliseerde en veeleisende wêreld nog enige leiding met betrekking tot die mens se geloofslewe en alledaagse besluite kan gee (Lategan 1974:5). Die gevolgtrekking word dus gemaak dat die Bybel nie in die hedendaagse werklikheidsbelewing sõ betekenisvol kan wees dat dit prioriteit moet geniet in die mens se lewenskeuses en -beslissings nie.

### 5.2 *Verantwoordelike Skrifgebruik in gevaar*

P P A Kotze (1982:22) beklemtoon die rol van waardes van 'n gemeenskap: "Kurrikulumontwerp moet die waardebesef van 'n

gemeenskap weerspieël", want "'n gemeenskap stel prys op sy waardes en verwag dat dit erken sal word, maar meer nog - dat dit bevorder sal word". H J S Stone (1981:53) is ook van mening dat onderwysowerhede in diens van beide bevolkingsgroepe staan en dus albei se belange, sentimente en opvattings in ag moet neem.[14)] In 'n leerplan soek die owerhede na 'n algemene formulering in terme waarvan hierdie gemeenskappe tevrede gestel kan word. Hy gee toe "dat daar deur onderhandeling of oorreding meermale 'n formulering gevind word, soos met die sillabus van die twee Bybelvakke, wat die Afrikaanse gemeenskap oor die algemeen moontlik meer tevrede stel en die ander miskien minder".

Skrifgebruik waar sekere gemeenskapswaardes van Bybelse fonda= mente voorsien word, moet bevraagteken word. Dit mag lei tot ideologiese Skrifhantering. Die interpretasies en verklarings= metodes waarna F A Swanepoel (sien 2.2.3 hierbo) verwys, lei tot 'n onthistorisering van die Bybel en verwaarloos die noodsaaklike hermeneutiese eis dat die Skrif in sy historiese konteks onder= soek moet word. Dat ouers en leraars meer gerus sou voel indien 'n kerklik-gekontroleerde onderrig in Bybelkunde gegee word, hou ook gevaar in. J Kinghorn (1982 :32) sê: "Daarmee word 'n *bepaalde* kerklik-teologiese horison maatgewend gemaak vir die studie van Bybelkunde - 'n horison wat sy neerslag vind in min of meer algemeen aanvaarde konfessies". Die Skrif word so hanteer asof dit objektiewe outoriteit is, wat die algemene geloofs= waarhede in konfessies Bybels fundeer. Só 'n uitleg wat vir alle tye geldig is, sal waarskynlik ouerlike en kerklike sanksie geniet.

## 5.3 *Dit spreek nie die leerlinge aan nie*

Die problematiek rondom duplikasie (sien 2.2.1 hierbo) is reeds bespreek. Saam daarmee word die aandag nogeens gevestig op 'n konfessioneel-gebonde studie van algemene geloofswaarhede wat wel aansluit by die leerling se verwysingsraamwerk, dit wil sê: wat hy reeds weet deur Sondagskool en kerklike onderrig, maar wat nie lei tot die noodsaaklike uitbreiding van die verwysings= raamwerk nie (sien 4.3.5 hierbo). Die feit dat leerlinge voort= durend met dieselfde geloofswaarhede gekonfronteer word, is waar= skynlik 'n belangrike bydraende faktor tot die afname in belang= stelling in Bybelkunde as skoolvak. Die leerstofinhoud werk net nie prikkelend genoeg in op hulle verwysingsraamwerk nie.

## 5.4 *Dit is nie realisties-konkreet nie*

Hier kan gelet word op die volgende redes: gebrek aan betekenis met betrekking tot die werklikheid (sien 2.2.2 hierbo), die doel=

stelling wat te vaag geformuleer is (sien 2.2.6 hierbo), sowel as die stelling deur H J S Stone (1981:53-4) dat owerhede hulle in sillabusformulerings hou by algemeenhede ter wille van die "regsbelange van al die mensegroepe binne sy gebied". Vir 'n aktuele benadering sal die boodskap van die Bybel in sy volle konsekwensies uitgespel moet word op alle lewensterreine. Vaag= hede sal duideliker uitgespel moet word, anders moedig dit leer= kragte aan om maar by algemeengeldende waarhede te hou sonder om die Bybelboodskap verstaanbaar te maak in realisties-konkrete terme wat verband hou met die alledaagse werklikheid.

## 6 *AANBEVELINGS*

### 6.1 *Bybelkunde moet die pluralistiese gemeenskap in ag neem*

Artikels in verband met die krisis waarin Bybelkunde as vak beland het, hou nie rekening met die feit dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap 'n *geklassifiseerde samelewing* is en dat Wit, Bruin en Swart in aparte woongebiede met aparte skole en kerke woon nie. Daar word slegs verwys na die twee wit groepe nl die Afrikaans- en Engelssprekendes. Ook wanneer verwys word na die betrokken= heid van die kerk by Bybelvakke, kan aanvaar word dat daar na die wit kerke verwys word (Stone 1981:56-7). Dit is te begrype omdat almal gewoond is aan aparte instellings met die skadelike gevolge dat leerkragte en leerlinge weinig of niks van mekaar weet nie, ook nie moeite doen of die noodsaaklikheid insien om mekaar beter te leer ken nie.

In teenstelling met ander skoolvakke het Bybelkunde te make met leerstofinhoud - onder andere die Evangelie van Jesus Christus - wat belangrike beginsels bevat vir onderlinge menseverhoudings. Sake soos verdeeldheid, diskriminasie, wantroue en haat, wat menslike verhoudinge vertroebel, maar wat deel is van die Suid-Afrikaanse samelewing waarin leerlinge woon, word deur die Bybel veroordeel. Die Evangeliese eise vir geregtigheid, liefde, versoening, barmhartigheid, ens, waarmee die leerling in die Bybelkundeles te make het, het ernstige implikasies vir sy individuele en gemeenskapslewe. Sō 'n geklassifiseerde same= lewing bied voldoende geleenthede om hierdie Bybelse begrippe in konkrete situasies tuis te bring.

B C Lategan (1982:53) sê dat die "Christelike geloof as sodanig 'n sterk saambindende faktor tussen mense en groepe (kan) wees, maar as dit te nou met die belange van 'n seksionele groep ver= kleef raak, bestaan die moontlikheid dat dit 'n sterk polari= serende effek kan hê". Ook hier kan Bybelkunde 'n versoenings=

rol vervul deur gewoontes, gebruike, gesindhede en beleid wat polarisasie in die hand werk, krities vanuit die Bybel te onder= soek sodat leerlinge betyds skadelike elemente daarin kan ontdek.

"Die Christelike perspektief kan nie in isolasie beskou word nie - dit staan in voortdurende wisselwerking met ander religieuse tradisies" (Lategan 1982:53). Dié godsdienstige en lewensbeskou= like pluralisme van die gemeenskap moet ook al meer deur Bybel= kunde erken word sodat leerlinge in staat kan wees om die Bybelse boodskap in verhouding tot ander religieuse tradisies te verstaan, om ideologieë en ander wêreldbeskouings Bybels te beoordeel, maar ook om sy eie ideologiese denke krities te ontleed in die lig van die Bybelse verkondiging.

## 6.2 *Doelstellings moet rekening hou met geloofsdinamiek*

Die huidige algemene doelstelling van Bybelkunde is: *'n Studie van die Bybel met die oog op kennis van die Bybel as Godsopen= baring en as grondslag van die Christelike geloof en lewe.*

Benewens die besware teen die vaagheid van die algemene doel= stelling, behoort dit meer dinamies geformuleer te word. Woorde soos "kennis" en "grondslag" word deur baie mense op 'n redelik statiese manier vertolk. Verder gaan dit in Bybelkunde nie maar net om kennis van die Bybel nie, maar om die verstaan en insig in die boodskap van elke Bybelgedeelte. Die "Christelike geloof" kan ook nooit beskou word as iets staties nie, soos deur kennis en grondslag gesuggereer word. Dit sou 'n intellektuele geloof wees, gebaseer op leerstellings. Die *Christelike geloof is lewend en dinamies - dis 'n lewenswyse, 'n verhouding wat uit= loop op dade.* Dade wat uit die geloof voortspruit is nooit kriteria waarvolgens geloof beoordeel word nie; dit is die bevestiging van 'n lewende geloof. Daarom het geloof nie slegs 'n vertikale verhouding nie, maar ook 'n horisontale. *'n Geloofsmens is 'n gelowige medemens.*

In Jesus se botsing met die Fariseërs is dit veral hulle funda= mentele verskil ten opsigte van die hantering en toepassing van die Skrif wat tot die finale breuk lei. Die Fariseërs het die kennis van die wet gebruik om die radikale eis van die wet te probeer ontduik en so die wet "onskadelik" te maak. Vir Jesus gaan dit om die eintlike wil van die Vader, om die radikale eis van die liefde, wat nie aan bande gelê mag word deur allerlei voorskrifte of uitsonderings nie (Lategan 1981 : 1-2).

In die Suid-Afrikaanse gemeenskap is *gelowige medemense uiters noodsaaklik;* mense wat met geloofsdade hulle lewende geloof

bevestig. Deur hierdie dinamiek van die geloof te beklemtoon bó grondslag van die geloof en leerlinge toe te laat om in spesifieke situasies hulle geloof prakties te beoefen, sal daar weer nuwe uitdaginge ontstaan wat die vak interessant maak. Volgens F A Swanepoel (1982:41) mag die wetenskaplike bestudering van die vak nie so ver gaan om vas te stel of die leerling die kennis van die Bybel implementeer as grondslag van sy geloof nie, aangesien dit "buite die doelstellingsterrein van Bybelkunde as akademiese dissipline" lê. Dit is duidelik dat pogings om *vas te stel* of leerlinge persoonlik volgens die Bybelse boodskap handel, buite die reg en bevoegdheid van 'n akademiese dissipline val. Maar die *deurdink* van die Bybelse boodskap *met die oog op spesifieke konkrete sake en situasies in die samelewing,* d w s 'n soeke na *egte aktualiteit,* behoort die nodige stimulus te wees vir leerlinge om self hulle geloof prakties te belewe.

'n Egte geloof laat hom nooit aan bande lê nie. Is die gebrek aan belangstelling in die vak nie hieraan te wyte nie: dat mense by wie daar 'n goeie grondslag van die geloof gelê is, nie geleer word hoe daardie geloof in spesifieke, konkrete situasies uitgeleef moet word nie? Twee feite kan nie veront= agsaam word nie: die gebrek aan betekenis m b t die werklikheid is 'n belangrike rede waarom die vak nie na wense vorder nie. Hieraan sal aandag geskenk moet word. Verder: die Bybelbood= skap rig 'n appèl tot die hoorder. Die Bybel roep tot oorgawe en is die wegwyser tot totaal nuwe verhoudinge met God en mede= mens in 'n dinamiese leefwyse (Malan 1983:82).

### 6.3 *Die Bybel moet verantwoordelik gebruik word*

Die skadelike gevolge van onverantwoordelike Skrifgebruik is herhaaldelik genoem. Die aktualiteit van Bybelkunde in 'n ge= meenskap soos die Suid-Afrikaanse samelewing hang, egter, ten nouste saam met verantwoordelike Skrifgebruik. J Kinghorn (1982:39) wys in sy kritiek op die fundamentalisme op die volgende: "dit is 'n wyse van Skrifomgang wat dalk die alge= meenheid van die Bybel honoreer, maar dit dan teen die prys van konkreetheid. Boonop laat jy jouself dan nog aan die illusie ly dat ons in 'n homogene wêreld leef waarin dit moontlik is om met uniforme leerstelsels en waardesisteme te opereer omdat dié wêreld in wese uniform sou wees." Die basiese foute van die fundamentalisme, selektiewe en ideologiese Skrifhantering sal vermy moet word, as daar by owerhede en leerkragte die opregte begeerte bestaan om die aktuele boodskap van die Bybel aan die jeug van Suid-Afrika deur te gee. Die volgende twee aanbevelings mag help om hierdie doel te verwesenlik.

## 6.4 *Standpunte moet aan selfkritiek onderwerp word*

Strenge onderworpenheid aan selfkritiek is uiters noodsaaklik om nader te kom aan 'n aktualiteitsboodskap wat die totale mens aanspreek. Ideologiese voorveronderstellings en spesifieke verwysingsraamwerke opereer gewoonlik onbewustelik. Tradisio=nele burgerlike godsdiens, waar burgerlike tradisies mettertyd van Bybelse fondamente voorsien word, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Dit word van geslag tot geslag so ingeburger dat niemand dit meer betwyfel of krities evalueer nie. Uiteindelik werk dit verstarring in die hand, terwyl dit geen ruimte vir verandering of dinamiese denke bied nie.[15)]

Wanneer 'n eie interpretasie van die Bybel krities ondersoek word, kan daar skadelike ideologiese ondertone ontdek word. W D Jonker (1976:123) waarsku dat dit moontlik is "dat mense bely=dende Christene kan wees en dit heeltemal opreg met hulle bely=denis kan bedoel, maar dat hulle eenvoudig blind kan wees vir die betekenis wat die evangelie op bepaalde terreine van hulle lewe behoort te hê .... Die gevaar van 'n 'ideologiese denke' waarby nie die waarheid nie, maar die waarheid-soos-ek-dit-wil-hê vir ons die deurslag gee, kom ook onder Christene voor." Die vraag na die waarheid word vir sulke mense 'n "onhanteerbare turksvy" (Smit 1978:55).

Solank verskillende groepe in 'n pluralistiese samelewing nie bereid is om te erken dat ideologiese vooringenomendheid 'n gevaarlike en skadelike komponent in die interpretasie- en verstaansproses van die Bybel is nie, sal fundamentalisme flo=reer en sal die Bybel hulle nie nader aan mekaar bring nie.

## 6.5 *Oor die waarheid moet saam besin word*

Aangesien die verkondiging van die Bybelboodskap vanuit 'n spesifieke vertrekpunt tot skadelike resultate lei, is dit noodsaaklik dat mense uit verskillende gemeenskappe, konfessio=nele agtergronde en denominasies by mekaar moet kom om te soek na die waarheid. Die waarheid is nooit in een interpretasie geleë nie. 'n Oorbeheptheid met eie interpretasie lei dikwels tot groepteologie, ghetto-teologie en derhalwe, sektariese teologie (König 1981:41). *Samesprekings en openhartige dis=kussies* kan net tot gevolg hê dat die Bybelboodskap beter begryp word en dus meer aktueel gebruik kan word.

In die soeke na die waarheid behoort niks in die weg te staan van Bybelkundeklasse wat dwarsoor alle grense heen bymekaar wil kom nie. By sulke byeenkomste sal "die gemeenskaplike grond en

die botsings in ons hermeneutiese bewussyne" gedefinieer moet word: "polities, sosiaal, maatskaplik, konfessioneel, wêreld=beskoulik" (Deist 1981: 10). Daar sal kennis geneem moet word van bekommernisse en vrese wat soms so bepalend is in die manier waarop die Skrif hanteer word. Samesprekings van die aard moenie maar verval in allerhande algemeenhede nie. Slegs wanneer *konkreet-realisties, sonder kleingeestige voorbehoude* oor die Bybelse boodskap saam besin word en ooreengestem word oor bepaalde maatstawwe wat geldig is vir aktuele interpretasie, kan daar mettertyd 'n gesamentlike gewete groei wat bestaande strukture en kwetsende gesindhede krities vanuit die Bybel bevra en tot verandering aanleiding kan gee.

6.6 *Nuwe aksente in kurrikulumbeplanning noodsaaklik.*

Vertolkingsmetodes sowel as vertaaltegnieke behoort dus 'n belangrike plek in die Bybelkundekurrikulum in te neem. Leer=linge en studente moet leer om die Bybel doeltreffend te hanteer.

Die uiters ondergeskikte plek wat die profete in die bestaande leerplan inneem, en die profesiebegrip wat blykbaar onderskryf word, laat nie reg geskied aan *die trefkrag van die profetiese boodskap* nie. Belangrik vir ons dag is *die korrektiewe wat profete plaas op die teologie van die volk van God* - 'n teologie wat in bepaalde periodes blyke gelewer het van die volk se sterk ideologiese vooronderstellings. Dit is vir leerlinge in 'n pluralistiese samelewing van onskatbare waarde.

Verder, die volkome weglating van die kommunikasie met gemeentes veroorsaak 'n wesenlike leemte in die openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. Die Briewe aan die gemeentes met hulle aktuele boodskap omtrent *geloofshouding* wat gebaseer is op *oorgegewendheid aan die koningskap van God en die geloofseise met betrekking tot medemenslikheid* kan van groot betekenis wees.

Inleidingstudie en agtergrondgegewens moet help om die *boodskap* van die betrokke Bybelgedeeltes *beter te verstaan,* in plaas van onnodige klem op fyner besonderhede van al die betrokke teorieë oor die gedeeltes. In die gedeelte van die leerplan wat handel oor "die Bybelse grondslag van die Christelike geloof en lewe" moet leerlinge gelei word tot begrip en insig in die *werklike geloofshouding, gebedshouding* en *gehoorsaamheidshouding* - soos dit die gewone lewe raak. Hierdie gedeelte kan met dié oor "openbaringsgeskiedenis" geïntegreer word. Sodoende kan 'n *lewensgerigte benadering* en 'n *etiese beklemtoning* ingevoer word wat beslis meer in lyn lê met die boodskap van Jesus. Op dié manier kan *geloof* telkens in die openbaringsgeskiedenis beklem=

toon word waar dit *as 'n dinamiese verhouding met God* ervaar is. By die bestudering van die Evangelies en Briewe kan telkens gelet word op gebed as lewenshouding. Die kernverskil tussen *wettiese pligpleging* en *gehoorsame oorgegewendheid* aan God se leiding kan deurgaans onderstreep word.

Twee hoofverantwoordelikhede wat in die kurrikulum ingebou kan word, sal die aktualiteit van die vak, myns insiens, verhoog:

1) 'n deurlopende lewensgerigtheid (vanaf st 8 tot st 10)

2) 'n geïntegreerde geheelsiening van al die betrokke situasies van die lewe.

Leerplanne moet gereeld op datum gebring word. Die omstandighede wat van tyd tot tyd verander, moet bepaal waar die klemtone gelê moet word, sodat hierdie omstandighede in die lig van die Skrif beoordeel kan word. Sō bly die Bybel die "Boek vir vandag" vir elke nuwe situasie wat opduik. Bybelkunde kān aktueel wees indien leerlinge gelei word om die Bybel as *kanon* te ken; nie net as grondslag van die Christelike geloof nie, maar as *maat=staf van die geloof*.

*N O T A S*

1 Vgl H J S Stone 1981 *Scriptura* 3, 51-9; J Kinghorn 1982 *Scriptura* 6, 29-42; F A Swanepoel 1982 *Scriptura* 7, 38-49; P P A Kotze 1982 *Scriptura* 7, 27-31; B C Lategan 1982 *Scriptura* 7, 50-4.

2 Die skrywer wys egter daarop dat diē probleem in die handboek vermy is. Na my mening is dit beter dat dit in die leerplan verander word.

3 F A Swanepoel baseer sy bewering dat die OT Christologies geïnterpreteer word op die volgende stelling uit die leerplan: "In die Ou Testament gaan dit onder andere hoofsaaklik oor die taak van Israel as draer van die Godsopenbaring om sō uit te loop op Christus na die vlees tot 'n lig vir die nasies." Tereg se hy: In die Ou-Testamentiese wetenskap word die tipo=logiese verklaringswyse en die Christologiese interpretasie van die Ou Testament vandag skerp bevraagteken.

4 Vir 'n vollediger beredenering i v m die drie verskillende

benaderings word verwys na A C Goliath 1983, *Die aktualiteit van die profetiese prediking in die boek Amos*, ongepubliseerde M Th-verhandeling, Unisa.

5 Die teologie uit die Derde Wêreld staan totaal afwysend teen=oor hierdie vorm van teologie, soos deur die Ortodoksie be=oefen. Volgens hulle siening is dit "Wit Teologie" - die teologie en godsdiensbeoefening van die wit heersende klasse, met sy vertrekpunte oor die eie aard van die Bybel m b t inspirasie, outoriteit en tydlose normatiwiteit wat geen relevansie toon met die spesifieke probleme waarmee hulle te worstel het nie. Derhalwe neem hulle hul toevlug tot ander benaderings wat meer bepaaldelik op hulle probleemareas toe=gespits is.

6 Vgl B C Lategan 1979, The Historian and the Believer, in W S Vorster (Ed), *Scripture and the use of Scripture*, 128: "The contingency of history is either eliminated or declared to be of no consequence for faith".

7 Vgl S van Tilborg 1978, De materialistische exegese als keuze, *Tijdschrift voor Theologie*, vol 18, 111: "... de huidige maatschappij in zijn geschiedenis als economisch-politiek stelsel (is) fundamenteel ontspoord, de maatschappij (is) georganiseerd op een manier die veel (alle?) mensen vervreemdt en van hun persoon- en menszijn berooft".

8 Ibid 115. In sy bespreking van die relevansie van die Bybel stel Van Tilborg pertinent die vraag: "Is ze een boek dat de sociale structuren van die kapitalistische klassenmaatschappij versluiert, in stand houdt, bevordert, of geeft het impulsen tot ontsluiering, verandering en verzet?"

9 Vgl F Herzog 1974, Liberation Hermeneutics as ideology cri=tique? *Interpretation*, Vol 28, No 4, 389-90, waar hy op dieselfde wyse die teoloë uit heersende klasse beskuldig: Soos die politieke bestel mag gebruik om die massas te dwing om te konformeer aan die status quo, word 'n bepaalde eksegese verkondiging en teologie gebruik om die massas deur oorreding, morele etiek en sanksies deur boetedoening en tug te laat konformeer aan dieselfde status quo.

10 In sy artikel, The Struggle of the Poor and the Church, sê J M Bonino: "If our churches are part and parcel of certain classes, certain groups and certain sectors of society, the sociology of knowledge will tell us that most probably our ideology will be related to the ideology of those sectors of

which we are part. Can we fight for the poor, as long as we do not belong to the poor? I think it is a question which we cannot ignore any more .... Can we seriously speak about the struggle of the poor if we exercise a destroying criticism of the ideologies through which the poor mobilize themselves in the struggle? I think this has also become an unavoidable question" aangehaal in D S Kim (1978,71).

11 Vgl R Bijlsma 1964, *Schriftgezag en Schriftgebruik,* 133: "Wie de historiciteit van de verkondiging der Godsopenbaring ver= zwakt, vervluchtigt daarmee de heilsrealiteit in dezelfde mate tot heilsidee."

12 Op G E Lessing se vraag: hoe kan 'n mens ewige voorskrifte uit 'n tydgebonde historiese dokument, soos die Bybel, aflei, het J S Semler geantwoord dat net sekere gedeeltes van die Bybel eties relevant is en ander nie. Vir hom bevat die Bybel historiese en bowe-historiese materiaal. Slegs daardie bowe-historiese waarhede wat van die mens 'n beter wese maak, is beskou as die Woord van God en daarom is dit normatief.

13 Vgl A König 1981, Contextual Theology, *Theologia Evangelica,* Vol 14, 40-1: Hy wys op hierdie verskynsel: Wanneer 'n swart Suid-Afrikaner die geskiedenis van die eksodus bestudeer, sien hy onmiddellik daarin die bevryding van die verslaafd= heid waaraan die volk van God onderworpe was. Hy interpreteer dit dadelik in terme van sy eie situasie en stel dit dan ook duidelik dat God aan sy kant is teen die verdrukkers, in dié geval die wit Afrikaners. Aan die ander kant sien 'n wit Afrikaner juis in die eksodus die afsondering en heiliging van 'n aparte volk van God wat van alle volkere in Kanaän geskei moet wees. Hy sien dié gedeelte weer as 'n direkte regverdiging vir die beleid van apartheid.

14 Die skrywer verwys hier slegs na die twee wit kultuurgroepe nl Afrikaans- en Engelssprekendes.

15 Vgl P L Lehman 1962, *Ideology and Incarnation,* 21: " ... ideology can be seen as that functional type of thinking which exhibits the corruption of reason by interest".

## *L I T E R A T U U R L Y S*

Bijlsma, R 1964 *Schriftgezag en Schriftgebruik*, Nijkerk: G F Callenbach

Birch, B & L Rasmussen 1976 *Bible and Ethics in the Christian life*, Minnesota: Augsberg Publishing House

Bonhoeffer, D 1975 *Ethik*, München: Chr Kaiser Verlag

Bultmann, R 1966 *Jesus Christ and Mythology*, London: SCM Press

Cone, J H 1970 *A Black Theology of Liberation*, Philadelphia: Lippencott

Deist, F E 1981a Hoeveel betekenisse het die Bybel dan? *Theologia Evangelica*, vol 14, nr 3, 2-11

1981b Bybelinterpretasie en Ideologiekritiek, *Theologia Evangelica*, vol 15, nr 2, 4-17

1982 *Sê God so?* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers

Goliath, A C 1983 *Die Aktualiteit van die profetiese prediking in die boek Amos*, Ongepubliseerde M Th-verhandeling, Unisa

Grollenberg, L 1979 *A Bible for our time*, (transl J Bowden) London: SCM Press

Grosheide, F W 1929 *Hermeneutiek*, Amsterdam: H A van Botten=burg

Gutierrez, G 1973 *A Theology of Liberation*, (trans C Inda & J Eagleson) New York: Orbis Books

Herzog, F 1974 Liberation hermeneutics as ideology critique? *Interpretation*, Vol 28, No 4, 387-403

Heyns, J A 1969 *Sterwende Christendom*, Kaapstad: Tafelberg Uitgewers

1973 Die Skrifbeskouing in Strukturele Perspektief in P A Verhoef, D W de Villiers & J L de Villiers (Red) *Sol Iustitiae*, Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers, 65-77

Howie, C G 1959 Expressly for our Time, *Interpretation*, Vol 13 No 3, 273-85

Jonker, W D 1976 *Die Woord as Opdrag*, Pretoria: NG Kerkboek=handel

Kelsey, D H 1975 *The Uses of Scripture in Recent Theology*, London: SCM Press

Kim D S 1978 Religion, Theology and Ideology, *Encounter*, Vol 39, No 1, 59-76

Kinghorn, J 1982 Bybelkunde: Teologie op die Markplein, *Scriptura*, Vol 6, 29-42

König, A 1981 Contextual Theology, *Theologia Evangelica*, Vol 14, No 3, 37-43

Kotze, P P A 1982 Situasie-analise as beginsel van Kurrikulum=ontwerp met die oog op die vak Bybelkunde, *Scriptura*, vol 7, 20-30

Kruger, J S 1978 Theology as response to Social change, *Theologia Evangelica*, Vol 11, Nos 2 & 3, 1-12

Lategan, B C 1974 Die Hermeneutiek en die Prediking, in *Die Bybel en die Moderne Mens*, S A Akademie vir Wetenskap en Kuns, 3-13

1979 The Historian and the Believer, in W S Vorster (Ed), *Scripture and the use of Scripture*, Pretoria: Unisa, 113-35

1981 Grepe uit die geskiedenis van die Hermeneu=tiek, Ongepubliseerde diktaat, Univ Stellenbosch

1982 Bybelkundeleerplanne by Skole, *Scriptura* vol 7, 50-4

Lehman, P L 1962 *Ideology and Incarnation*, Geneva: John Knox Ass

Loader, J A 1979 The use of the Bible in Conventional Theology in W S Vorster (Ed) *Scripture and the use of Scripture*, Pretoria: Unisa, 1-25

Malan, J C 1983 The role of the Bible in Religious Education,

in J Malan & O v d Berg (Ed) *Religious Education in a Changing Society*, University of the Western Cape,78-98

Núnez, E A 1977 The Theology of Liberation in Latin America, *Bibliotheca Sacra*, Vol 134, 343-56

Nxumalo, J A 1983 The full implications of the Christian faith, in J Malan & O v d Berg (Ed) *Religious Education in a Changing Society*, University of the Western Cape,41-50

Smith, N 1983 Towards the 90's: The Challenge to Christian Leadership, in J Malan & O v d Berg (Ed) *Religious Education in a Changing Society*, Univ West Cape, 31-40

Smit, J 1978 *As die Leeu Brul*, Wellington: Bybelkor

Smart, J D 1970 *The Strange Silence of the Bible in the Church*, London: SCM Press

Stone, H J S 1981 Herbesinning oor Bybelkunde en Godsdiens=onderrig op skool, *Scriptura*, vol 3, 51-9

Swanepoel, F A 1982 Bybelkunde as Skoolvak. 'n Kritiese Evaluering met besondere klem op die leerplanne, *Scriptura* vol 7, 38-49

Tillich, P 1968 *A Systematic Theology I*, Great Britain, Nisbet & Co

Tinsley, E J 1973 *Paul Tillich*, London: Epworth Press

Tracy, D 1975 *Blessed Rage for Order*, New York: Seabury Press

Van Tilborg, S 1978 De materialistische exegese als keuze, *Tijdschrift voor Theologie*, vol 18, 109-30

Weiland, J S 1972 *Oriëntatie*, Baarn: Het Wereldvenster

Zuurmond, R 1978 Wat is Materialistische Exegese? *Wending*, vol 33, 109-16.